



GENERALE MISSIVE

Nuusbrief van die Stigting VOC 3/20
Newsletter of the VOC Foundation

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is as sulks geregistreer by Stad Kaapstad, EWK en SAEHA en is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It registered as such with the City of Cape Town, HWC and SAHRA and is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa. **Internet:** www.kaap-voc.org. **E-pos/E-mail:** vocinfo@voc-kaap.org **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: rodecb@icloud.com. **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam: 'Stigting VOC Foundation.'

Welaen vrunden!

Van die Bestuurskomitee:

***Sukses teen die Chinese Griep:** Op 26 Junie 2020 het vyf komiteelede deelgeneem aan 'n eerste suksesvolle telefoniese vergadering, met al die telefone gelyktydig aan mekaar geskakel. Ons sal die metode vir komiteegesprekke gebruik, so lank as die huidige kwarantyn en sosiale beperkings duur. Ons derde kwartaallikse Komiteevergadering het op 28 Augustus 2020 het plasgevind, weer per telefoon, die keer met ses lede en weer heeltemal suksesvol.

Die volgende nuwe besluite is van belang vir al ons lede:

Ons 25 ste Algemene Jaarvergadering word tot 2021 uitgestel. Die huidige komiteelede, met die uitsondering van Dr N. Walters, sal tot dan in hul poste bly.

Al ons beplande uitstappies en lesings vir 2020, sowel as die jaarlikse afsluitingsfunksie en -ete word as gevolg van die kwarantyn en sosiale beperkings gekanseleer en tot 2021 uitgestel.

Ten spyte van die onvermydelike gebrek aan aktiwiteite vanjaar, word lede wat dit wel kan bekostig, aangemoedig om asseblief hul ledegeld vir die jaar te betaal.

Ons laaste Komiteevergadering van hierdie jaar sal op Vrydag 11 Desember 2020 plaasvind. Lede word genooi om besondere voorleggings vir bespreking aan die Sekretaris te stuur.

***Dr N. Walters:** Die Voorsitter en bestuur bedank hiermee ons kollega en vriend Dr Nico Walters vir sy jarelange uitstaande en entoesiastiese diens as Komiteelid. Hy was die oorspronklike versorger van ons webwerf, en het gereeld gesorg vir interessante en aangename uitstappies na plekke van VOC-belang in die Tygerberg en Koeberg. Deur sy ywer is o.a. 'n gedenkplaat by die seinkanon op Sondagsfontein opgerig. Hy het reeds begin om sy kragte vir Bewaring in te span by Kaap Agulhas, waar hy afgetree het. Ons hoop dat daar nog van sy plaaslike en streekskiedenis sal verskyn.

*VOC-geskut: Op 7 Augustus was ons verheug om te sien hoe die Kaapse Stadsraad twee twaalfponders van die agtiende eeuse VOC-battery in Kampsbaai op nuwe affuite voor die Hoërskool Kampsbaai monteer. Die Komitee het 'n briefie van dank daarvoor aan die Stadsraad gestuur en aangebied om 'n kort geskiedenis van die battery te voorsien.



Foto's: R Rode

Ons het op 12 Augustus vanjaar tot laat in die aand nog gehelp om die finale aansoek gereed te maak, waarin die Drakenstein Munisipaliteit toestemming van Erfenis Wes-Kaap vra om die VOC-seinkanon op Paarlrots op 'n replika-slee te plaas, en dit terselfertyd na 'n meer toeriste-vriendelike plek te verskuif. Die kanon se geskiedenis sal in drie tale in 'n granietblok gegraveer word. Die Xhosa-vertaling is geskryf deur ons stigterslid, mnr Lungile Gadezweni; hy is al 'n kwarteeu lank die Opvoedkundige Amptenaar in die Kasteel.



Foto: Louis Louw



Foto: C Schots

*Duiwelsbos: Die heer C. Schots versoek uit België of enige van ons lede weet hoe die plaas Duiwelsbos in die omgewing van Swellendam aan sy naam gekom het. Enige inligting sal verwelkom word. Hy het die meegaande foto geneem tydens die onlangse veldbrande in die omgewing, en noem dit 'Die duivel van Duiwelsbos.'

*Belgiese kastele: Ons susterkamer, VOC Kamer Antwerpen het in Junie 2020 aan ons die volgende skakel gestuur met afbeeldings van antieke Belgiese Kastele, om ons in te verlustig terwyl ons hier in kwarantyn teen ons eie mure moet vaskyk. Hartlik bedank, Emy van der Veken en ander Antwerpse vriende. Kopieer hierdie skakel op jou internet soekenjin en geniet die pragtige argitektuur. emy.vanderveken@telenet.be

*We welcome a new member, Dr Michael Barter of Johannesburg, who introduces himself:
"My name is Michael Barter and I live in Johannesburg. For a living I used to be a dentist and then went on to become a Specialist Orthodontist. I am now retired so fortunately have

more time to dedicate to my various hobbies. Initially I started stamp collecting at an early age and for the last fifty or so years, have specialised in the British South Africa Company period of 1890 – 1923, when the country of Rhodesia was administered by them.

Some years ago I became interested in revenue stamps and the documents they are affixed to. In my travels, whilst searching for these, I came across an original document from the VOC period with the Company's wax seal and a colourless embossed revenue stamp, with the VOC crest, 'C' for the Cape, and the currency marked in stuivers. I started to collect these documents for their historical interest, with or without the different embossed revenue denominations.

Over the years I have managed to collect quite a group of these documents, many with the most interesting revenue stamps in the denominations of Stuivers and Rixdollars. The documents themselves vary from title deeds, wills, will covers, slave certificates, marriage licenses and minutes of resolutions.

My collection includes the VOC period, the first British period, the Batavian period (1803-1806) and the second British, up to the 1820's. Throughout all these periods the same revenue stamps were used, in the currency of Stuivers and Rix dollars. I have often been to the Cape archives in Roeland Street and have spent time with archivists Erika le Roux and Jaco van de Merwe. (Coincidentally, Jaco and myself grew up in the 1960's, two streets apart in one of the suburbs in Salisbury, Rhodesia, but did not actually meet then). I have taken copies of these documents to the Archives to make sure they were not originally stolen from them. Most documents were duplicated by the authorities at the time, so one copy would remain in the Company's records, and the other given to the individual. It is these original owner's copies that I have been collecting.

Many are signed by six to eight people and it is most interesting to try and find out who each was and what their positions in the Cape society. All of the documents have been professionally transcribed and then translated into English. They are all stored in acid free clear slips in tall ring binders. They have been collected from various auction sites, document dealers, stamp dealers and book dealers.

I met Dan Sleight in the Cape Archives whilst I was researching from the library copy of the Grote Atlas van de Verenigde Oost-Indische Compagnie Vol 5 Africa (Dan being a co-author). He fortunately mentioned that a copy was at the time for sale in Cape Town. I was very lucky to be able to acquire it, and it is one of my treasured items associated with the VOC.

Up to now I have found very few people in South Africa with a similar interest. I am in contact with one collector in Australia (ex South African) with a big collection and a couple of collectors in Holland. When I heard about your Foundation, I therefore thought it would be an opportunity to grow and share in knowledge with local people." [Dr Barter offered to show and discuss some of his VOC documents in future editions of our *Generale Missive*, and he looks forward to hearing from fellow enthusiasts and collectors. We will call it "Collectors' Corner". Ed.]

Voorvaders op die Buiteposte

Tydens my praatjie voor die Wes-Kaapse tak van die SA Genealogiese Vereniging verlede jaar het ek kaarte gewys van VOC-buiteposte waar die stamvaders van Afrikaner-families gewerk en die vaardighede aangeleer het wat nodig was om suksesvolle Vryboere te word, soos om te ploeg, te saai en te oes, wyn te maak en met waens, osse en perde te werk. Hier is meeste van die betrokke familienaam, en hul buiteposte:

Abel (Robbeneiland), Alleman (De Schuer), Baard (De Schuer en 't Land van Waveren),

Brand (Simons Baaij), Beyers (Tijgerhoek), Carinus (De Schuer), Calitz (Riet Valleij aan de Buffelsjagtrivier), Cloete (De Clapmuts), De Korte (Rustenburg), De Neijs (Simons Baaij), De Vries (Mauritius), Giebelaar (De Schuer), Hanekom (De Clapmuts), Herbst (Hottentots-Holland), Hofmeyr (De Schuer), Hurter (Rustenburg), Kirsten (Simons Baaij), Langenhoven (Tijgerhoek), Loock (De Clapmuts), Lourens (Rivier zonder Eijnd), Meeding (Plettenbergs Baaij), Momsen (Saldanha Baaij), Olwagen (Vishoek), Opperman (De Schuer), Pretorius (Mauritius), Rauch (De Schuer), Rothman (Rivier zonder Eijnd), Rohland (Rustenburg), Schabort ('t Land van Waveren), Schreuder (Groene Cloof), Smalberger (De Clapmuts), Stofberg (Saldanha Baaij), Tredoux (St Helenabaaij), Theunissen (Rivier zonder Eijnd), Van Taak (Rio de Lagoa), Van Zijl ('t Nieuwland), Veldman (Riet Valleij aan de Buffeljagstrivier), Verreijne ('t Land van Waveren), Vink (Leeuwencop), Van der Merwe (De Schuer), Van der Walt (Vishoek), Van Huysteen (Outeniqualand en Plettenbergs Baaij), Visagie (Rustenburg), Vosloo (Baas Harmens Craal), Zaaizman (Mauritius).

Reg en onreg aan die Kaap



Die regspraak, toepassing en uitvoering daarvan aan die Kaap was soos in Nederland en elders in die Agtiende eeuse wêreld, gewoonlik genadeloos en soms ook blind. Let op dié geval: Die koetsier (voornaam onbekend) Hengel van Raadslid Jan Brand, poshouer van die buitepos Simonsbaaij, (Let Wel, nooit 'Resident' nie, hoewel hy hom self graag só genoem en laat noem het) en lid van die Kaapse Politieke Raad, is beskuldig van die diefstal van 'n horlosie. Deur marteling is 'n skulderkenning van Hengel afgedwing en hy is vir 'n tydperk van gevangenstraf met hardearbeid Robbeneiland toe verban. Later kom dit toe aan die lig dat 'n slaaf van S.V. van Reenen die skuldige was. Wat sê die Kompanjie se Hoë Kommissarisse Nederburgh en Frijkenius, wat toe aan die Kaap werksaam was, oor die onreg? Hulle beveel die Kaapse Politieke Raad om die *'misslag zoveel mogelyk te redresseeren'*, en te sorg dat dit in die openbaar geskied. Hulle beskryf dit as *'een van de rampspoedige bewyisen van het gebrekkige van het menschelyk doorzigt en van het onvolmaakte van alle derzelve instellingen, welk men nu en dan in de geschiedenissen der waereld ontmoet.'* (As gevolg van die Kaapse Argief se lang sluiting kon ek nie die geval verder ondersoek nie.) A.J. Böeseke: *Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap*. Argief-jaarboek vir S.A. geskiedenis. (Kaapstad, 1944), pp. 225, 226, 237.

Een meisje loos

In die Kompanjie se Kaapse Argief is inligting oor verskeie vroue wat voor die Raad van Justisie verskyn het, nadat hulle as matrose in diens getree het en op see 'ontdek' (?) is. Dat 'n groot aantal Europese vrouens in die sewentiende en agtiende eeue die *'haard, wieg en spinwiel'* verlaat, hulle in manskleren klee om byvoorbeeld matrose en soldate te word, is as so seldsaam beskou dat dit tot 'n liedjie aanleiding gegee het: *'Daar was laatst een meisje loos / Die zou gaan varen voor matroos...'*

Vreemd, maar nie totaal buitengewoon nie. R. Dekker en L. van de Pol vertel in hul boek *Vrouwen in mannenkleren*, wat in 1989 in Amsterdam verskyn het, oor ongeveer 120 vrouens wat die moed gehad het om die stap te waag. Van hulle is 60 % see toe en 40 % het aan wal as soldaat, kok of byvoorbeeld skoenmaker gewerk. Hoe het hulle dit reg gekry? Eers is die hare kort gesny en 'n mus is aangeskaf. Die gewone manskleren van die tyd, soos wye broeke, wye hemde en jakke het met die vermomming gehelp; die hoë stem en gebrek aan baard is verduidelik deur 'n tienderjarige seun se naam en ouderdom op te gee. Op see is net die

hande en gesig gewas, met die klere aan. Verder is so goed as moontlik by die mans se gedrag aangepas: Groet deur die hoed te lig, drink, vloek, rook en selfs vry met swart vrouens.



Skippers het die vroue wat ontdek is gewoonlik beskryf as harde werkers, en getrou en eerlik in die diens. Een kwart van die gevalle wat ondersoek is, is binne dae ontdek, en een helfte binne die eerste maande. Die gewone straf by ontdekking was om Nederland toe terug gestuur te word, behalwe waar 'n huwelik by die bestemming ter sprake was.

Waarom het hulle dit gedoen? Een natuurlike afleiding is dat hulle deel was van die algemene Europese emigrasie na die Ooste en Suide om aan die Klein Ystyd se koue, honger en siektes te ontkom. Die klimaat was warmer by die VOC se handelstasies in die Ooste en van die GWC in sentraal-Amerika, en daar was geleentheid vir werk, selfs om van die fabelagtige skatte te verdien waarmee sommige mans in Europa tuis gekom het. Taamlik algemeen was die wens om by 'n geliefde of eggenoot aan te sluit wat reeds in die Ooste was. Daar was ook die hoop om 'n goeie huwelik te sluit, want daar was 'n skaarste aan Europese vroue in die Ooste. Die toekoms was aanloklik.

*'Wie wil ermee naer Oostindie vaeren / Als held der helden door de baaren
Het schip leid aan ree / Mooy meisje wilt gy mee
Daar kunt gy veel geld en goed vergaren
Soo meisje luistert na mijn reden / Als jong matroos zal ik u kleden
Al met een pikbroek aan.'*

Selfs patriotisme is as verduideliking aangebied: Maria van Antwerpen, wat in 1751 as soldaat aangesluit het, kon haar vermomming dertien jaar lank volhou, en toe sy ontdek is, was 'vaderlandsliefde' haar enigste verskoning.

*'Wat hoort men niet al vreemde dingen / Een diensmaegd hier uit Amsterdam /
Het disfortuin haer tegen gingen / Soo straks een resolutie nam /
Tot een zielverkoper treden / Alhier juist in de Vinkestraet /
Nam dienst voor een matroos op heden / En op 't schip weer voor een soldaat.'*

Dan was daar die Franse Jeanne Baret (1740-1807) wat in 1766-1769 op die skip *Etoile* met De Bougainville se ekspedisie om die wêreld gevaar het. As gevolg van haar kennis van kruie het sy die botanis Philibert Commerson ontmoet, en het in manskleren vermom as sy assistent by die ekspedisie aangesluit. (Commerson het die tans algemeen bekende Suid-Amerikaanse tuinplant na De Bougainville genoem. Hul roete uit Nantes was om Kaap Hoorn, en Jeanne Baret kon haar vermomming bewaar tot by Papua Nieu-Guinee, waar sy

deur lede van die bemanning ontdek en verkrag is. Hulle het die Kaap op hul terugreis aangedoen, tydens Goewerneur Tulbagh se regering.

En dan (hoewel ook geen VOC-figuur nie) was daar James Barry (1795-1865), die vrou wat 'n dokter in die Britse leër geword het. Sy was net vyf voet lank en haar enigste vermomming was 'n militêre uniform, maar dit was eeue lank suksesvol; 'n anonieme biograaf noem haar in 1972 nog steeds 'hy' (SABW, pp.37, 39.) Haar Kaapse konneksie is goed gedokumenteer. As regimentele medikus het sy in 1826 die eerste keisersnee aan die Kaap uitgevoer – moontlik die eerste in die wêreld, waarby sowel moeder as kind oorleef het. Die ouers, mev. en mnr Munnik het die baba na haar vernoem; die voornaam 'Barry' leef steeds in die Munnik-familie voort. Haar voorkoms is beskryf deur Baron De Las Cases, Napoleon se sekretaris wat van St Helena-eiland af Kaap toe verban is. Dokter Barry het vir hom gelyk soos '... a boy of eighteen with the form, the manner and the voice of a woman.' Die verwarring was totaal. Kapenaars het nie geweet of daar 'n man of 'n vrou in die Britse uniform was nie. Sy was 'n persoonlike vriend van die Goewerneur, Lord Charles Somerset en sy vrou. Soos Somerset het sy ook vyande gehad in sekere sosiale kringe in Kaapstad. In 1824 is 'n lasterlike pamflet teen 'n bruggie oor die Heerengracht gespyker, met die aantyging dat daar 'n 'onnatuurlike verhouding' tussen die Goewerneur en dr Barry was. Die lasteraar het aangeneem dat Barry 'n man was. Hoe groot die verwarring daaroor was, is verbasend. Die ontdekker van die pamflet was 'n seun, 'n bode; toe hy gevra is of hy verstaan wat daarop geskryf is, het hy gesê: "*The Governor did something with little doctor Barry's wife.*" Praat van die kat aan die stert beet het.

'n Artikel deur M. du Preez in *New Scientist* (3.8.2008, pp.46-47.) het eindelijk Dr Barry se geheim openbaar.

R. Dekker en L. van de Pol: *Vrouwen in mannenkieren*. Amsterdam, 1989; D.W. Krüger (red.): *S.A. Biografiese Woordeboek II*. Kaapstad, 1972; N. Walters, icw J.Parker: *The children of Altydgedacht*. Durbanville, 2013.

Waar's ons Kapenaar?



Bostaande afbeelding is geverf op 'n sypaneel van die sogenaamde 'Goue Koets,' 'n Nederlandse staatskoets.


'Koning Willem-Alexander neemt na de restauratie van de Gouden Koets een besluit over de toekomst van het rijtuig. De restauratie van de Gouden Koets is in 2015 gestart en wordt naar verwachting in 2021 afgerond. In principe wordt de koets daarna weer gebruikt voor de koninklijke rijtour op Prinsjesdag. Het gebruik van de koets is niet onomstreden. Op een van de panelen staan halfnaakte Afrikaanse en Indonesische mannen afgebeeld die geschenken aanbieden aan het Koninklijk Huis. Volgens critici wordt hiermee het koloniale verleden van Nederland verheerlijkt.

"We restaureren hem zoals hij was, het is een deel van ons cultureel erfgoed in Nederland", aldus de koning over het rijtuig dat in 1898 aan toenmalig koningin Wilhelmina cadeau werd gegeven. "Dus we gaan nog niet de geschiedenis herschrijven bij de restauratie." Hij vertelt de discussie rondom de koets te volgen en dit te blijven doen, maar nu dus nog geen besluit te nemen. De koning benadrukt dat er pas na de restauratie wordt bepaald wat er met de Gouden Koets gaat gebeuren. "Eerst moet hij goed gerestaureerd worden en dan zien we verder."

De SP en GroenLinks (Linkse politieke partij, Red.) riepen in 2011 op tot de verwijdering het paneel met de naam 'Hulde der Koloniën.' In een reactie daarop verklaarde een woordvoerder van de Rijksvoorlichtingsdienst "niet de geschiedenis te gaan herschrijven door de Gouden Koets te vernielen". Ook premier Mark Rutte liet destijds weten niets te voelen voor een eventuele aanpassing van het rijtuig.'

Goed en wel, hoogagbare argumenterende partij. Ons sien daar op die paneel Afrikane uit Wes-Afrika (deur die GWC onderwerp) en Oosterlinge uit Indië en Oos-Indië (deur die VOC onderwerp), maar waar is ons Kapenaar? Was die Kaapse Koina, wat die VOC se noodsaaklike maritieme aanvullingsdiens op die been help bring maar in die proses onteien en ontstam is, nie 'n plek in die ry waardig nie? Op hierdie paneel is die geskiedenis reeds herskryf. **[Foto en teks: NU.nl, 17.07.2020.]**

Smeekbrief uit die Nederlandse Bibliotheek



Me. Margaretha van der Meijden, bibliotekaresse van die Nederlandse Bibliotheek by SASNEV skryf aan ons lede:

“Beste Mensen,

*We hebben bij de Nederlandse Bibliotheek iets ergs ontdekt: de **Grote Atlas van de Verenigde Oost-Indische Compagnie deel V** is verdwenen.*

Hij lag altijd op de kast van de koffietafelboeken, in zijn hoes. Loodzwaar en heel groot (58x41 cm), die vind je later niet toevallig ergens in een hoekje terug, hij is echt weg. Een enorm verlies voor de bibliotheek, want het is een heel bijzondere, heel kleine oplaag en hij heeft een fortuin gekost. Hij werd vaak ingekeken, maar mocht niet uitgenomen worden, het was een naslagwerk.

Wij voelen ons alsof we een dierbaar familielid hebben verloren.

Hij was er nog de ochtend dat we gingen sluiten voor de lock-down. En natuurlijk bedenken we alle mogelijke scenario's om deze verdwijning te verklaren. De gunstigste ervan is dat een van de lezers – wetend dat de atlas niet uitgeleend wordt – gedacht heeft: ik neem dat ding gewoon even mee en na de lock-down breng ik hem terug, anders ligt hij hier toch maar te niksen.

En voor het geval dat het zo is gegaan, willen wij degene die dat gedaan heeft smeken om ons te laten weten dat de atlas veilig is en teruggebracht zal worden zodra de bibliotheek weer open gaat.

Het zou zo'n enorme opluchting zijn als we op adres meijden@mweb.co.za zo'n berichtje kregen en hoewel het meenemen van zo'n waardevol naslagwerk echt niet mag, zouden we het deze persoon wel vergeven, omdat we het eigenlijk zo goed zouden kunnen begrijpen en zo blij zouden zijn dat het terug was.

U begrijpt dat we in spanning wachten!

Vriendelijke groeten,

Het Bestuur van de Nederlandse Bibliotheek”

Wat sou die motief vir die diefstal wees? Om 'n eksemplaar van die rare *Grote Atlas* te besit, of om dit vir geld te verkoop? Lid Wium van Zyl het uitgevind dat daar kort na die diefstal 'n eksemplaar op 'n internasionale internet veilingshuis aangebied en verkoop is. VOC-artefakte is gewild by versamelaars en by skurke. Ek onhou die Hollywood-film ‘*Ocean's Eleven*’ van ongeveer tien jaar gelede, waarin die skurke dit reggekry het om 'n rare VOC-aandeesertikaat uit 'n museumkluis te steel, vir herverkoop.

Behouwe vaert / Selamat jalan

D. Sleigh (Dr): Redakteur

Jean Sleigh: Tegnies

31 Augustus 2020